



THATCHERS ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA DEKKERSVERENIGING VAN SUID-AFRIKA

Nuusbrief 1/2007

NUUSBRIEF

15 Januarie 2007

Met die aanvang van 'n nuwe jaar wil ons u graag die beste vir 'n voorspoedige 2007 toewens..

Ten opsigte van die DVSA, is figuurlik gesproke 'n boom geplant wat nou die verwagte vrug oplewer. Dit is moontlik gemaak deur die bewusmaking van die bestaan van die DVSA as 'n Beheerliggaam en die gevolglike samewerking van die Boubeheer Owerhede, die algemene Publiek; asook deur 'n verhoogde ledetal en die aktiewe deelname van ons lede.

Ons wil graag groot waardering uitspreek teenoor ons lede vir hul onbaatsugtige samewerking. Uit die stroom van klagtes wat deur die DVSA kantoor gedurende ons eerste bestaansjaar ontvang is, was daar net twee gevalle waar DVSA lede betrokke was, wat nie tot die bevrediging van beide partye opgelos kon word nie.

Die Grasdakbedryf verloor jaarliks meer en meer besigheid as gevolg van swak vakmanskap en onvoldoende kwaliteitsbeheer. Lidmaatskap van die DVSA kan nie sondermeer geweier word nie, maar die aanduidings is dat na vereiste lidmaatskap in die toekoms beweeg sal word. 'n Aanvaarbare boustandaard en –praktyk wat voldoen aan die vereistes van die SANS 10407:2004 (Grasdak Konstruksie) Spesifikasie sal deur kontrakteurs erken en eerbiedig moet word. Die Algemene Jaarvergadering en Nasionale Kongres wat op 9 en 10 Maart 2007 in Tshwane plaasvind, bied 'n uitstekende platform om kwelpunte uit te stryk.

Ons wil graag die volgende aspekte onder u aandag bring:

SANS 457-3

Die DVSA het in sy antwoord aan SAWPA die kansellasië van die beperkings op spiraliteit vir behandelde Eucalyptus pale wat vir konstruksie doeleindes gebruik word, afgekeur.

VERKIESING VAN NUWE STREEKKOMITEES

Streekvergaderings sal eersdaags in die ses verskillende streke gehou word om nuwe Streekkomitees te verkies voor die Algemene Jaarvergadering. Twee addisionele lede sal tydens die Algemene Jaarvergadering aangewys word om saam met die ses Streekvoorsitters, Nasionale Voorsitter en Uitvoerende Beampte, die Nasionale Komitee te vorm. Die Nasionale Komitee verkies uit hul eie geledere die Nasionale Voorsitter, Nasionale Ondervoorsitter en Nasionale Sekretaris wat tydens die Vrydagaand funksie op 9 Maart 2007 bekend gemaak sal word.

ALGEMENE JAARVERGADERING EN NASIONALE KONGRES

Die Algemene Jaarvergadering sal saam met 'n Nasionale Kongres op 9 en 10 Maart 2007 by Pure Joy Gastehuis, Derdepark, Pretoria gehou word. Nie-lede en ander belangstellendes is ook welkom om dit by te woon.

Die totale konferensie pakket beloop R790-00 per persoon wat 'n kamer deel by Pure Joy Gastehuis. Daar is ook verskillende opsies vir eggenotes / metgeselle om van te kies indien hulle nie aan al die aktiwiteite wil deelneem nie. U kan ook tot Sondagoggend by Pure Joy Gastehuis aanbly en vervoer vanaf en na die lughawe is ook beskikbaar.

Die finale aantal kamers wat deur Pure Joy Gastehuis beskikbaar gestel moet word, moet voor of op 31 Januarie 2007 bevestig word. Die DVSA word veantwoordelik gehou vir die koste van hierdie bespreking. Indien u by Pure Joy Gastehuis wil tuisgaan, word u vriendelik versoek om so gou as moontlik u besprekingsvorm en bewys van betaling aan die DVSA se kantoor te stuur.

'n Besprekingsvorm word hierby aangeheg wat ook op die DVSA webtuiste beskikbaar is. Bevestiging van bespreking sal na ontvangs van bewys van betaling aan u gestuur word.

ERKENNING AAN PERSONE WAT 'N GROOT BYDRAE GELEWER HET TOT DIE BEDRYF

Tydens die Vrydagaand se funksie wil die DVSA graag erkenning verleen aan persone wat oor die jare 'n groot bydrae gelewer het tot die Bedryf. Nominasies en voorstelle word verwelkom en moet die DVSA se kantoor asseblief nie later as 31 Januarie 2007 bereik nie.

KOMPETISIE

U word vriendelik herinner aan die kompetisie met die volgende kategorieë:

- Mees estetiese struktuur
- Grootste (enkel) grasdak
- Vermaaklikste Dekkersfoto/video

Vir u kennisname:

- Neem asseblief kennis dat inskrywings vir bogenoemde kategorieë die kantoor nie later as 28 Februarie 2007 moet bereik nie
- Nét lede wie se ledegeld vir 2006/7 betaal is, mag deelneem.
- Lede mag vir meer as een kategorie inskryf
- Die beoordeling sal tydens die Vrydagaand funksie deur die aanwesiges gedoen word.
- Alle inskrywings sal vertoon word

Die pryse wat gewen kan word sal later bekendgemaak word.

LIDMAATSKAP SERTIFIKAAT

'n Nuwe Lidmaatskap Sertifikaat word uitgereik waarop vyf seëls naamlik 'Stigterslid,' 2007, 2008, 2009 en 2010 geplak kan word. Lede wie se ledegeld vir 2006 ten volle vereffen is, sal 'n 'Stigterslid' sowel as 'n 2007 seël ontvang. Lede wat na 31 Desember 2006 ingeskakel het, sal net 'n Sertifikaat en 'n 2007 seël ontvang.

Ledegeld van R3 000 is betaalbaar in die maand van aansluiting en is vir een jaar geldig.

WEBTUISTE

U word vriendelik aangeraai om die DVSA se webtuiste gereëld te besoek wat voortdurend opgedateer en aangevul word met tersaaklike artikels en inligting. Onder die afdeling 'net vir lede' word besigheidseleenthede geadverteer net sodra dit ontvang word. Hierdie fasiliteit is net vir lede toeganklik en 'n wagwoord word benodig. 'n Nuwe wagwoord sal uitgereik word by die vereffening van 2007/8 ledegeld.

Vriendelike groete

Abrie Visagie
NASIONALE VOORSITTER

Dekkersvereniging van Suid-Afrika
Posbus 13334
CLUBVIEW
0014

Selfoon	083 283 8429
Faks	086 6409 151
E-pos	admin@sa-thatchers.co.za
Webtuiste	www.sa-thatchers.co.za

BESPREKING: ALGEMENE JAARVERGADERING
EN NASIONALE KONGRES : 9 & 10 MAART 2007

BESIGHEID:

NAAM:

SELNOMMER: FAKS:

E-POS ADRES:

AANTAL PERSONE:

DEEL KAMER MET:

(Kamermaat se kontaknommer:))

WAARVOOR BETAAL WORD:

Algemene Jaarvergadering & Kongres R..... Naam:.....
(Pakket R790-00 pp)

Nét AJV & Kongres sonder verblyf R.....
Naam:.....
(R550-00 pp)

Eggenote wat nét Vrydag Aandfunksie R.....
bywoon: (Ete R126-00 pp)
Naam:.....

Eggenote wat Vrydag Aandfunksie R..... Naam:
bywoon met Bed & Ontbyt
(R411-00 pp)

Eggenote: ook Saterdag middagete R.....
(R109-00 pp)
Naam:.....

Vervoer vanaf lughawe en terug R..... Aantal:
(R180-00 pp)

Ekstra dag (Sondag 11/3/2007) (Bed & Ontbyt) R..... Aantal:
(R285-00 pp)

TOTAAL R.....

DVSA BANK BESONDERHEDE

Naam:	DEKKERSVERENIGING VAN SUID-AFRIKA	POSBUS	13334
Bank :	ABSA DERDEPOORT	CLUBVIEW	0014
Takkode:	335 – 245	Selfoon	083 283 8429
Rekeningnommer	14-3016-5484	Faks :	086 6409 151
		E pos: :	admin@sa-thatchers.co.za